Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 7. Kaapstad, Woensdag, 19 November 1947. No. 1.

# GROOTRAAD BETUIG ONKREUKBARE TROU VAN O.B. IN K.G.

Die Grootraad van die O.B. het staande en in plegtige stemming die ondervolgende mosie van vertroue in die Kommandant-generaal aangeneem op die jongste vergadering van die Raad wat op 12 en 13 November in Johannesburg plaasgevind het. Nadat die sekretaris die mosie voorgelees het, is die K.G. psalm 134 toegesing.

Die mosie is namens die Grootraad onderteken deur die voorsitter, genl. S. J. Stander, en die sekretaris, genl. G. Cronje. Dit lui:

„Die Grootraad spreek eenparig sy onwrikbare vertroue uit in dr. J. F. J. van Rensburg as Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag en verklaar dat hy as Leier te alle tye en in alle omstandighede op die onkreukbare trou van die Beweging kan reken.

„Die Grootraad dank die Kommandant-generaal vir die wyse leiding wat hy gedurende die afgelope jaar aan die Beweging gegee het.

### HOEDERSKAP

„Terwyl aasvoëls van die Britse Empire — wat kort gelede die geswore en gedienstige bondgenote van die Russiese bolsjewisme was — besig is om oor die hoof van die Kommandant-generaal te draai, verbind die Grootraad homself en die Ossewabrandwag as geheel om Hans van Rensburg nooit in die steek te laat of aan die vreemdeling en vyand uit te lewer nie. Ook al sal die Empire se handlangerregering in Suid-Afrika dr. Van Rensburg van hoogverraad beskuldig, weet die Grootraad en die Ossewabrandwag as geheel dat sy Kommandant-generaal hom nie aan volksverraad skuldig gemaak het of sal maak nie.



Dr. J. F. J. van Rensburg

### VRYHEID

„Die Grootraad weet baie goed wat veldm. Smuts en sy regering teen dr. Van Rensburg in die skild voer en watter duistere magte daaragter skuil, maar verklaar dat hy (die Grootraad) en die O.B. juis daarom vir die huidige bewindhebbendes nog minder vrees of agting koester as in die verlede. As die regering graag die instrument wil wees om nog 'n geëerde Afrikaner 'n hoë of selfs die hoogste prys vir sy trou aan die Afrikanervolk en sy verset teen die Empire te laat betaal, moet hy gerus maar sy gang gaan.

„Die Ossewabrandwag sal met des te meer vasberadenheid en inspanning die stryd teen die Britse Empire voortsit totdat die Afrikanervolk geheelenal van die Britse juk bevry is."

# Grootraad Antwoord Transvaalse H.N.P.

**Genl. G. Cronje, sekretaris van die Grootraad het die volgende brief aan die sekretaris van die Hoofbestuur van die Transvaalse Herenigde Nasionale Party gerig in antwoord op 'n brief waarin die Grootraad van die Transvaalse H.N.P. se kongresbesluit, met betrekking tot die Ossewabrandwag, verwittig is.**

„In opdrag van die Grootraad van die Ossewabrandwag erken ek ontvangs van u skrywe van 17 Oktober 1947. In antwoord daarop wil die Grootraad u Hoofbestuur daarop wys dat die Kaapse Kongres van die H.N.P. of V. intussen 'n besluit geneem het wat wesenlik afwyk van u besluit. Die twee ander Provinsies het, sover bekend, nog geen besluit geneem nie.

„Onder die omstandighede neem my Grootraad aan, dat u Hoofbestuur die nodige stappe sal doen om Uniale vertoë deur die Federale Raad te laat geskied wanneer daar meer eenstemmigheid in die geledere van die H.N.P. of V. verkry is oor die saak in u brief vervat."

„N.S. — Aangesien die Transvaalse H.N.P. se besluit in die pers gepubliseer is, laat die Grootraad dieselfde met sy antwoord doen."



Genl. G. Cronjé

# „S.A. Moet nie eie Vloot aanskaf om Engeland te help"

**„Dit is vir Suid-Afrika sowel as vir enige ander dominium onnodig om sy eie handelsvloot op te bou. Dit is vir Brittanje noodsaaklik om geld met sy skepe te verdien, en as Suid-Afrika skeepsvragte met sy eie skepe vervoer en Brittanje aldus van die kans beroof, sal Brittanje nie die geld hê om Suid-Afrikaanse vrugte en ander produkte te koop nie", het mnr. F. W. Saunders, besturende direkteur van 'n Britse skeepsvaartmaatskappy, die afgelope week in Kaapstad verklaar.**

**Hy het verder vertel dat Suid-Afrika homself groot skade berokken deur sy eie handelsvloot op te bou. Suid-Afrika het al die skeepsruimte en kan dit baie goedkoop kry.**

Die uitlating van hierdie Brit wat uitgaan van die standpunt dat Suid-Afrika maar gedurig moet offers bring vir Brittanje wanneer laasgenoemde in die noute is, strook met die verklaring van die skeepsvaartkommissie dat Suid-Afrika nie nodig het om 'n eie vloot aan te skaf nie.

# O.B. STANDPUNT OOR STRYDVRAE HELDER OMLYN

### VERKLARING

**Die Grootraad van die Ossewabrandwag stel in bygaande verklaring by wyse van herhaling, sy standpunt ten opsigte van die party-politiek, die sogenaamde „demokrasie" en die partylose staat, en wel as volg:**

● 1. Die Grootraad beklemtoon dat die Ossewabrandwag nie op die party-politieke terrein is nie en ook geen voorneme koester om dit te betree nie; ook dat dit met die verkiesing geen kandidate gaan stel nie.

### KRAGTIGE LANDSREGERING

● 2. Wat die Regeringstelsel en wat die partylose staat betref (ideale waarvan die Ossewabrandwag volgens sekere partyeis moet afsien) wil dit die Grootraad voorkom dat daar 'n misverstand heers, aangesien die Ossewabrandwag hierin slegs getrou bly aan 'n beleid wat in 1941 deur alle volksorganisasies (insluitende die H.N.P. en Ossewabrandwag) skriftelik en na rype beraad aanvaar is, naamlik:

„Die Staat moet waarlik republikeins, vry en Christelik-Nasionaal wees. Die staatstelsel mag nie op vreemde lees geskoei wees nie. **Dit moet wegbreek van alles wat vals of volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend, en moet 'n kragtige landsregering moontlik maak, gebou op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse republieke,** met die nodige aanpassing in 'n ge-industrialiseerde staat ter bevordering van volksbelange" (Aangehaal uit „Verklaring namens Volks Organisasies", soos oorweeg en aanvaar deur die Afrikaner-Eenheidskomitee van Julie 1941; gedruk deur die Voortrekkerpers, Johannesburg).

**Hierdie stuk is destyds aanvaar en onderteken namens die F.A.K., die Ossewabrandwag, die Ekonomiese Instituut van die F.A.K., en die R.D.B., sowel as deur verskeie kerkmanne wat gesaghebbende betrekkings beklee het. Ook die H.N.P. het dit aanvaar, en wel deur sy Hoofleier, dr. D. F. Malan, wat geskryf het: „Ek kan U die volle versekering gee dat my aanvaarding van u Verklaring en u aanbod ook die hartlike en geesdriftige aanvaarding daarvan insluit van my hele party in die vier provinsies en van sy ander leiers."**

### PARTYLOSE IDEAAL

● **3. Wat die partylose ideaal van die Ossewabrandwag betref,**

(Vervolg op bladsy 2)

# JODE KOM NA S.A.

**Honderde onassimileerbare immigrante uit Cyprus, die eiland waarheen die Britse regering die Jode stuur wat hy nie in Palestina wil toelaat nie, het die afgelope maande na die Unie gekom. Volgens skatting tussen 400 en 500.**

Sowat veertien dae gelede het weer 'n vrag per vliegtuig aangekom. Die regering wou hulle aanvanklik terugstuur, maar aangesien daar die afgelope maande al so baie gekom het, het die regering besluit om hierdie twintig ook maar te laat bly.

**Die inwoners van Cyprus is Britse onderdane en het as sodanig nie nodig om deur die Immigrasiekeurraad gekeur te word nie.**

Die regering het nou nadat hy klagte van die keurraad ontvang het besluit om die immigrasie van hierdie persone stop te sit.

# Verjaardagviering

**KOMDT.-GENERAAL EN ADJUNK KOMDT.-GENL.**

**SATERDAG, 22 NOVEMBER 1947, om 8 n.m.**

**STADSAAL, PAARL.**

*ONTHOU HIERDIE DATUM!*

# Politiek Motief Van Vervolging

**Die O.B. verneem uit Pretoria dat adv. L. C. Barrett, wat mev. Manie Maritz 'n paar weke gelede op Bellville ondervra het, nie die pos van prokureur-generaal van Suid-Wes-Afrika beklee nie, maar dat hy spesiaal deur die regering benoem is as Amptenaar Belas met Politieke Vervolgings.**

In die verbygaan kan gemeld word dat mnr. Barrett besonder bedrywig is op die spoor van die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg.

**Die blote feit dat die regering 'n amptenaar wat belas is met politieke vervolging aangestel het en dat die snuffelary vir die regering se sogenaamde verkiesingsbom gedoen word deur die politieke of spesiale afdeling van die speurdiens, onderstreep duidelik die politieke aard van die vervolging wat die regering wil instel.**

(Vervolg op bladsy 6)

# GEBREKE IN NASIONALE VERKIESINGSPROGRAM

## Gaan H.N.P. Leierskap Inboet?

**Hoewel daar aanduidings is dat die onderlinge verdeeldheid in nasionaalvoelende kringe tot bedaring kom en die blye vooruitsig vir samewerking gevolglik daar is, openbaar die nasionale verkiesingsprogram onnodige gebreke wat 'n stembusoorwinning beslis in gevaar stel. Dit sal nie help om doekies om hierdie gebreke te draai ten einde hulle te probeer wegsteek nie; hulle moet liewer openhartig ontbloot word sodat wat verkeerd is betyds reggemaak kan word. In hierdie gees gaan ek die kleurkwessie bespreek.**

**Die Herenigde Nasionale Party (senior opposisievennoot) het 'n jaar of wat gelede 'n uitdaging aan die regeringsparty gerig dat hulle die komende verkiesing oor die kleurvraagstuk met hom gaan uitspook. Die H.N.P. het sy aanval teen die regering geloods met behulp van min. J. H. Hofmeyr en twee slagkrete, nl. apartheid en gelykstelling. Die opposisie staan vir apartheid en die regering (hoofsaaklik min. J. H. Hofmeyr) vir gelykstelling, is kort en saaklik verklaar. En daarmee uit en gedaan.**

Maar ongelukkig is die saak nie so eenvoudig nie. En ook nog lank nie uit en gedaan nie.

### V P. VERDEDIG

Die regeringsparty het die uitdaging van die H.N.P. aangeneem. Die party ontken ten enemale dat hy vir gelykstelling staan: inteendeel, „die Verenigde Party glo", so heet dit in die jongste nuusbrief van die party „dat dit tot die beswil van alle rasse en kleure sal strek as die blankes die regeerders van hierdie land bly"; min. J. H. Hofmeyr verklaar op die platteland met sy gewone welsprekendheid dat hy die apostel van Christelike Voogdyskap is; en veldm. Smuts kondig aan dat hoewel hy die naturelle gaan integreer in die ekonomiese lewe van die land, hy nogtans gaan sorg vir aparte woonbuurtes.

**Boonop verklaar deskundiges dat veldm. Smuts se jongste voorstelle in verband met die Verteenwoordigende Naturelleraad 'n beleid van parallelisme verteenwoordig — wat ook 'n soort apartheid is.**

### V.P. VAL AAN

Nadat die regeringsparty homself verweer het, oënskynlik na die beste van sy vermoë, gaan die party en sy ondersteuners tot die aanval oor deur 'n paar pertinente vrae, wat ondubbelsinnige antwoorde verdien, aan die H.N.P. te stel: Beteken „apartheid" algehele skeiding tussen wit en swart en die totstandkoming van twee afsonderlike kleurstate? Waar sal die nie-blanke staat opgerig word en wat sal sy geografiese grense wees? Hoe gaan Suid-Afrikaanse nywerhede ontwikkel word sonder nie-blanke arbeidskragte?

**Voorts beweer die regeringsparty dat die H.N.P. met sy hande in die hare sit, omdat hy nie in staat is om sy beleid van apartheid te omskryf nie. Op 'n onlangse kongres van die Junior Verenigde Party het dr. Louis Steenkamp, L.V. met sy tong in sy kies verklaar dat daar op stuk van sake geen verskil is tussen die V.P. se kleurbeleid en die H.N.P. s'n nie!**

### H.N.P. MOET ANTWOORD

**Die tyd het ongetwyfeld aangebreek dat van nasionale kant 'n ondubbelsinnige en praktiese beleidsverklaring oor die kleurkwessie uitgereik moet word. 'n Blote slagkreet — al is sy naam ook apartheid — bevredig niemand nie. Die H.N.P. in sy hoedanigheid as senior opposisievennoot is aangewese om die inisiatief te neem ten opsigte van hierdie beleidsverklaring. As die party in gebreke gaan bly om dit te doen, en haastig te doen, loop hy gevaar om sy parlementêre leierskap in te boet.**

### Politiek in Oënskou deur Waarnemer

Daar is 'n gevoel in die land dat die V.P.-beleid dreigende gevare inhou, maar . . . . skouerophalend . . . . wat is die alternatief?

### LES UIT V.S.A.

Om hierdie gevoel te illustreer wil ek aanhaal uit die November uitgawe van die tydskrif vir sakelui — Selling. Dit was 'n stap van verreikende betekenis, sê die blad, toe die Amerikaners, 'n volk van Noord-Europese afkoms, hul poorte oopgegooi het vir massa-immigrasie uit Oos-Europa. Hulle het gehoop om die toenemende mag van die Amerikaanse vakbonde in te kort deur die invoering van goedkoop arbeidskragte. Die gevolg is egter dat die afstammelinge van die immigrante wat die Amerikaanse loonskaal moes verhoog vandag die hardste raas vir hoër lone vir minder werk. En omdat die Amerikaners maar destyds oë toegemaak het en enige immigrant toegelaat het, sit Amerika vandag met 'n proletariaat wat geneig is tot wetteloosheid en geweldpleging.

„Wat ons moet besef", vervolg die blad, „is dat wanneer 'n swart proletariaat in Suid-Afrika geskep word, dit vir presies dieselfde redes sal wees en die gevolge sal presies dieselfde wees, miskien net erger. Ons goedkoop arbeidskragte sal van binne af kom, nie van buite nie: maar hulle sal dieselfde doel dien en (soos hulle voorpunt reeds bewys) hulle sal dieselfde gevare meebring."

Die blad stel 'n ernstige aspek van veldm. Smuts se beleid om die naturel in ons ekonomiese lewe te integreer.

### WAT IS DIE ALTERNATIEF

„Dit mag wel wees", vervolg Selling „dat die integrasie van die naturel in die Suid-Afrikaanse nywerhede en sy gevolglike verstedeliking, die behoud van sowel die nywerheid as die naturel sal wees. Ons betwis dit nie. In ieder geval ons kan geen verstandige alternatief aanbied nie".

**Dit is die taak van die nasionale opposisie om hierdie verstandige alternatief aan te bied. En hoe gouer hoe beter.**

Die H.N.P. het reeds aangekondig dat die party 'n komitee benoem het om die party se kleurbeleid uit te werk. Hoewel die V.P.-propagandiste dit baie snaaks vind dat die party 'n komitee aangestel het om 'n beleid uit te werk wat hy reeds aangekondig het, is daar inderdaad met 'n kleurbeleidskomitee, as sodanig, niks verkeerd nie.

### WAAROM SEKSIONELE KOMITEE?

**Ek vind dit eerder snaaks dat dr. Malan nie die Afrikanerparty in hierdie saak gekken het nie en dat hy nie sy bondgenoot, mnr. Havenga uitgenooi het om verteenwoordigers op die komitee te benoem nie. Veral is dit snaaks as onthou word dat dr. Malan verlede jaar in die parlement sy teenstander veldm. Smuts uitgenooi het om 'n gesamentlike komitee te benoem wat vir die V.P. en die H.N.P. 'n gemeenskaplike kleurbeleid sou uitwerk — verhewe bo die partypolitiek.**

**Ek kan nie verstaan waarom die H.N.P. juis op hierdie tydstip 'n seksionele komitee wil aanstel om op eie houtjie 'n kleurbeleid uit te werk nie — op hierdie tydstip wanneer die nasionaalvoelende groepe op die punt staan om met mekaar saam te werk juis oor die kleurvraagstuk. Nou is beslis die aangewese tyd om 'n gesamentlike komitee aan te stel wat 'n gemeenskaplike kleurbeleid sal uitwerk, wat deur al die nasionaalvoelende groepe aanvaar sal word. Dit sal nie alleen 'n gebaar van welwillendheid wees nie, maar trouens nugtere politieke oorleg as die H.N.P. minstens die A.P. en die O.B. uitnooi om verteenwoordigers op 'n gesamentlike komitee te benoem.**

### GESAMENTLIKE KOMITEE

**Maar daar is ook Engelssprekende groepe, bv. die nuwe S.A. Party, wat skeiding tussen blank en nie-blank voorstaan. Waar-**

(Vervolg in volgende kolom)

# O.B. STANDPUNT OOR STRYDVRAE HELDER OMLYN

(Vervolg van bladsy 1)

wat nou deur die H.N.P.-kongresse gewraak word, wil die Grootraad net beklemtoon dat (sover hom bewus) **albei die Suid-Afrikaanse republieke partyloos was.** Die stelsel van party-regering is eers met die Britse parlementêre stelsel ingevoer. Die Grootraad handhaaf derhalwe 'n volksideaal wat hy (tesame met die H.N.P.-leiding) sedert 1941 gehuldig het en waarvoor die Ossewabrandwag swaar, besonder swaar, offers gebring het.

● 4. In die besef, egter, dat die komende verkiesing nie oor Republieke en staatsvorms gaan nie, herhaal die Ossewabrandwag sy opregte begeerte om saam te werk (met volle behoud van identiteit wedersyds).

### DIE AFRIKANERPARTY

Intussen is die saamsnoering van kragte (insluitende ook dié van lede van die Ossewabrandwag) in die gemeenskaplike stryd teen die huidige regering verwesenlik deur die optrede van die Afrikanerparty; laasgenoemde het die Afrikaner-eerbaarheid en betroubaarheid van die manne en vroue van die Ossewabrandwag aanvaar en hulle, sonder enige diskriminasie, net soos ander blankes, in die Afrikanerparty verwelkom. Met die grootskaalse aanvaarding van hierdie uitnodiging deur lede van die Ossewabrandwag is ons steun alreeds toegesê aan die georganiseerde party-politieke front van die Afrikaner se nasionaal-georiënteerde partye en groepe.

Die verkiesingsreëlings laat die Ossewabrandwag oor aan die leiers van die Afrikanerparty en die H.N.P., en die O.B.-lede wat partyverpligtings aanvaar het, sal sodanige verpligtings getrou vervul solank dit vir hulle eerbaar moontlik gemaak word.

(Vervolg van vorige kolom)

**om sal hulle ook nie uitgenooi word om verteenwoordigers op 'n gesamentlike komitee te benoem nie?**

Die H.N.P. moet nie tjurang wees nie. Dis kinderagtig. Dit maak mos nie saak as die party nie stokalleen die kleurbeleid uitwerk nie — per slot van sake die party kan tog nie stokalleen die verkiesing wen nie! Die party moet diegene wat hom moet help om die verkiesing te wen 'n seggenskappie gun in die opstel van die verkiesingsprogram. Dis gesonde politiek.

**Daar is nog 'n groep wat bowenal verteenwoordiging op die kleurbeleidskomitee verdien: dit is die Afrikaanse deskundiges wat jarelank reeds onvermoeid aan die kleurvraagstuk arbei. Om 'n nasionale kleurbeleid uit te werk sonder die hulp van hierdie manne is ondenkbaar. Trouens hulle moet die beleid uitwerk!**

Die H.N.P., wat in die begin so dapper uitgedaag het, is tans op die verdediging wat die kleurkwessie betref. En dit omdat die party nie met 'n behoorlik uitgewerkte kleurbeleid voor die dag kan kom nie. **Dit is die plig van hierdie party, die senior opposisievennoot, om hierdie gebrek onmiddellik te herstel.**

Die werwingsveldtog van die Suid-Afrikaanse polisie het na geskat word ongeveer 2,000 rekrute gelewer. Daar word gemeen dat wanneer hierdie manne in diens tree, die misdaadgolf onder die knie gekry kan word.

**KAPITAAL TEN BEDRAE** van £35,000,000 is gedurende die afgelope jaar wat op 30 Junie ge-eindig het van Brittanje na Suid-Afrika oorgeplaas, volgens 'n verklaring van die Britse minister van Finansies, mnr. Dalton.

### Kommuniste Staak

**As protes teen die opkoms van De Gaulle en die veldtog teen die Kommuniste in Frankryk, het meer as 100,000 Franse werkers onder leiding van die Kommuniste verlede week begin staak. Die foto toon 'n gedeelte van die stakende staatsamptenare wat saamdrom voor die stadsaal in Parys. Die regering het besluit om hardhandig teen hulle op te tree.**



# Miljoene Duitsers Word Uit Hul Vaderland Verdryf

**As wraakmaatreël word sowat 3,000,000 Sudeten-Duitsers tans deur die Kommuniste sonder meer oor die grens van hul vaderland gestoot om 'n nuwe heenkome te vind in die onherbergsame grensgebiede van Tjeggo-Slowakye. Dit is deel van die sogenaamde „verplasings-program" wat tans onder druk van die Kommuniste plaasvind.**

**Die meeste van hierdie Duitsers is sedert hulle geboorte inwoners van die Sudeten-gebied en word deur die Praagse korrespondent van die Londense Times beskryf as „fatsoenlike, hardwerkende mense" wat hoofsaaklik uit boere en vaklui bestaan. Groot ellende en nooddrif gaan met hierdie massa-verskuiwing van die bevolking gepaard.**

Baie van hierdie Duitse boere is verplig om in die steenkoolmyne te werk. Ander kry belaglike klein stukkies grond waarop hulle 'n bestaan moet maak.

**Die Sudeten-gebied word nou uitgedeel aan Tjegge wat die besittings van die Duitsers oorneem, en volgens die korrespondent is hulle besonder „gelukkig" in hulle nuwe tuiste.**

En terwyl die Kommuniste in die Balkan maak en breek en bevolkings verplaas soos hulle wil, moes elf Duitse leiers 'n jaar gelede met hul lewens boet vir „die verplasing van burgerlike bevolkings" wat deur die Neurenbergse „hof" as 'n oorlogsmisdaad aangemerk is.

# Vrugbare Sitting Van Grootraad

**Die Grootraad van die Ossewabrandwag het verlede week in Johannesburg 'n uiters vrugbare sitting gehad waarin organisatoriese sake asook die politieke toestand deeglik in oorweging geneem is. Goedkeuring is onder andere geheg aan 'n nuwe stelsel van organisasie in dele waar dit weens omstandighede noodsaaklik geag word. Hiervolgens word kleiner eenhede gestig wat regstreeks in verbinding met die gebiedshoofkwartier staan.**

**In gebied E is hierdie stelsel reeds 'n paar maande lank uitgetoets en die resultate was, volgens verslag van die Gebiedsleier, so verrassend goed dat dit vir die res van die land aanbeveel is.**

Ds. S. J. Stander, wat ses jaar lank voorsitter van die Grootraad was, en weer eenparig herkies is, wou die amp nie weer aanvaar nie, omdat hy gevoel het dat iemand anders weer 'n kans moet kry. In sy plek is op voorstel van ds. Stander self prof. dr. D. J. van Rooy, wat ook die Jeugleier is, eenparig gekies. Ds Stander is deur die K.G., dr. Hans van Rensburg, bedank vir sy troue diens aan die Beweging, wat vir die O.B. gedurende die jare van stryd van baie groot betekenis was. Hy is daarop eenparig as lid van die Grootraad gekoöpteer vir die volgende twee jaar.

GENL. SMITH

Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, wat weens sy gesondheidstoestand nie teenwoordig kon wees nie, het 'n brief aan die Kommandant-generaal gerig, wat voorgelees is, waarin hy sekere gedagtes in verband met die politiek aan die hand gedoen het. Hierdie wenke was in volle ooreenstemming met die die algemene gevoel van die Grootraad, sodat dit ook beliggaming gevind het in die besluite en verklarings wat uitgereik is. Onder andere het genl. Smith die K.G. geluk gewens met sy Koffiehuis-antwoord op die H.N.P.-kongres se lidmaatskapvoorstelle.

„Ek weet van geen pasliker en mooier verklaring as die van u in die Koffiehuis oor die politieke toestand en ons verhouding tot ander groepe nie. Elke woord en sin onderskryf ek en diegene met wie u gepraat het. Dis jammer dat die H.N.P.'s dit nie te lees kry nie! Die grootraad kan m.i. niks meer en niks anders sê as wat u verklaar het nie", aldus die Adjunk-K.G. in sy brief.

Hy het ook die noodsaaklikheid van beklemtoon om van die Afrikanerparty 'n sterk alternatiewe Nasionale Party te maak wat in die huidige bedeling 'n parlementêre tuiste bied vir Afrikaners wat na 'n partylose staat strewe.

(Vervolg in volgende kolom)


(Vervolg van vorige kolom)

VERTROUE IN LEIDING

**„Die tyd is nou daar vir elke O.B.-lid om duidelik sy trou aan die leiding van die O.B. te beklemtoon", het genl. Smith geskryf en sy brief in volgende bewoording afgesluit:**

„Met die beste wense en vertroue in u beraadslagings en trou aan u, ons leier, en die Grootraad en u seën toebiddende, bly ek, J. A. Smith".

Woensdagaand het die Randse vroue 'n puik eetmaal ter ere van die K.G. en mev. Van Rensburg gegee, waar dr. mev. Wassenaar as seremonievrou opgetree het. Met verwysing na die moontlikheid van 'n verhoor het die K.G. o.a. gesê dat dit nie die moed en moraal van individue sal wees wat daar getoets sal word nie, maar agter hom staan die moed en moraal van die taaiste organisasie wat die Afrikanerdom nog geken het.



GENL. DR. VAN ROOY

# Moskou Werp Sy Vyfde Kolonne In Stryd Teen Weste

**Kommuniste is verantwoordelik vir uitgebreide stakings wat die afgelope paar dae in Italië en Frankryk uitgeroep is. Honderdduisende mense is hierby betrokke, na Sapa-Reuter berig.**

**Die Kommuniste in Italië het honderde dorpe aangeval en die kantore van anti-kommunistiese koerante vernietig. Die party het 'n verklaring uitgereik waarin hy die volk versoek om die Italiaanse regering omver te werp omdat hy Italië „'n vasalstaat van Amerika gemaak het deur die Marshall-plan".**

**Franse voedselvoorrade word bedreig deur stakings van duisende werkers wat hoër lone eis. Die regering het reeds militêre- en polisie-versterking aangebring om teen die Kommuniste op te tree.**

**Moskou het intussen die Kommuniste in die Weste aangemoedig om te sorg dat die Marshall-plan nie deurgevoer word nie.**

# FONDSDAG OP UTRECHT

**Op 18 Oktober het die Utrechtse Kommando die jaarlikse funksie vir fondsinsameling gehou. Die gees om te gee en te werk was baie goed.**

Na die vlaghysing het ouderling J. Louw Joubert die funksie met skriflesing en gebed geopen.



Genl. C. A. Pienaar

Daarna is allerhande lekkernye — pannekoek, tee, koffie, koek, konfyt, koeldranke en gemmerbier — fluks verkoop.

Die wors en vleis is dadelik uitverkoop. Hoofkommandant J. C. B. Davel het 'n bees en die hoofvrou, mev. A. Pienaar, 'n vark gegee. Hoofkdt. Davel en sy gesin het die bees bewerk, die lekker wors gemaak en die vet uitgebraai en alles op die dorp afgelewer. Die opveiling van handwerk, ens., het baie pret veroorsaak en £40 is daarmee ingebring.

Die O.B.'s was bly om 'n paar lede van die H.N.P. en die publiek daar te sien. **Die Gebiedsgeneraal, C. A. Pienaar, het 'n inspirerende toespraak gelewer, waarin hy melding gemaak het van die kommunistiese gevaar en die dringende noodsaaklikheid van samewerking. Die O.B. is die enigste beweging wat die kommunisme openlik beveg, het hy gesê.** Ons K.G. hou sy oë op ons gerig; hy weet wat ons doen, het genl. Pienaar gesê. Sy trou en standvastigheid te midde van groot gevare en teleurstellings is vir ons 'n uitstaande voorbeeld en noop elke Brandwag om ook so getrou en standvastig te wees.

Ons het wyle komdt. Carel Meiring, baie gemis en die Hoofvrou het hiervan melding gemaak toe sy vertel dat die kommandovlag deur brandwagte op sy kis gelê en met hom begrawe is. Sy skoonmoeder, kdte. Joubert, het ons 'n nuwe vlag gegee.

Die funksie het £95 opgelewer; hiervan is 'n klein bedrag nog uitstaande. (Korr.).

# Swaarder Britse Belasting Tref Ons Wynbedryf

Die winsbelasting in Brittanje is as gevolg van die ekonomiese krisis met net mooi die helfte vermeerder sodat dit nou op 25% te staan kom. Hierdie aankondiging is gedoen deur die Britse minister van finansies, mnr. Dalton. Die inkomstebelasting bly onveranderd.

**Die belasting op whisky, wyn, bier en rum is verhoog. Daarbenewens word perdewedrenne belas.**

Die aanvullende begroting van die Britse regering het ten doel om inflasie teen te werk. Die belasting op motors is onveranderd, so ook op tabak. Hoewel die Britse volk nog te veel rook sal dit nie verander word nie, aldus die minister.


**Die swaarder belasting op wyn sal volgens deskundiges 'n slag wees vir die Suid-Afrikaanse wynbedryf en die bedryf groot skade berokken. Die verhoging van die belasting op swaar en ligte wyn is 1s. 6d. en 10d. onderskeidelik, per bottel.**


**G. A. FICHARDT, Bpk**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN


**A.V.B.O.B.**
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

*Verseker u Toekoms*
deur die Eienaar te word van
VASTE EIENDOM
★ BOUPERSELE
★ WOONHUISE
★ PLASE
★ BESIGHEDE VIR DIE
KIESKEURIGE PERSOON
Raadpleeg —
J. (Kotie) THERON
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
Posbus 78 Foon 0028
STRAND

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA
Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad



£14 miljoen
... ONS JAARLIKSE MIELIE-OPBRENGS
Die mielie is Suid-Afrika se vernaamste graangewas. Die opbrengs oorskry in waarde die van al die ander graangewasse tesame. Van minder as 40,000 ton in 1904 het die produksie gestyg tot byna 3,000,000 ton in 1939. Die jaarlikse oes word tans op £14,000,000 beraam.
Goed verteenwoordig in die vernaamste mielieproduserende gebiede, lewer VOLKSKAS bankdienste ook aan 'n groot gedeelte van ons land se mielieboere.
Hierdie bankdiens sluit o.m. in lopende tjekrekenings en spaar- en beleggingsfasiliteite. Die Bank hanteer ook oorsese (devise) transaksies regstreeks deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste lande van die wêreld.
*Navrae word verwelkom.*
HOOFKANTOOR: PRETORIA
LONDEN AGENTE: Lloyds Bank Limited
NEW YORK AGENTE: Chemical Bank and Trust Co.



VOLKSKAS BEPERK
ARBEIDSAAMHEID
BANKIERS

„DIE O.B.", WOENSDAG, 19 NOVEMBER 1947

# KRUISIG HOM— WANT HY WAS REG

Die regering se pogings om getuienis in te samel vir die vervolging van Afrikanerleiers wat verdink word daarvan dat hulle tydens die oorlog met die Duitsers geheul het, gaan nog onverpoosd voort. Ons verneem selfs dat die regering 'n senior amptenaar van die departement van justisie spesiaal belas het met hierdie taak.

Dis bekend dat die regering bewyse soek wat die leier van die Ossewabrandwag, dr. Hans van Rensburg, aan die Duitsers sal koppel.

**Die optrede van die regering is verbasend kleinsielig as dit gesien word in die lig van na-oorlogse gebeurtenisse.**

Gedurende die oorlog het die regering net een doel gehad: Duitsland moet verpletter word. Dr. Van Rensburg het gewaarsku teen hierdie gevaarlike beleid om die enigste Europese bolwerk teen die aanstormende kommunistiese hordes uit Asië te vernietig. Veldm. Smuts wou egter van niks weet nie. In sy oormoed het hy uitgeroep dat hy sal veg . . . . veg tot in die poorte van die hel!

**WAARSKUWING GEGROND**

Maar hy is lelik ontnugter. Sy erkennings dat die Russiese kolos wydsbeen oor Europa staan en dat die kommunisme 'n duiwelse evangelie is, is oortuigende bewys van sy ontnugtering.

**Vandag blyk dit dat die waarskuwing van Hans van Rensburg gegrond was. Vandag berei 'n teleurgestelde en gevolglik humeurige wêreld hom teensinnig voor vir 'n Derde Wêreldoorlog wat noodsaaklik word om met die Russiese kommuniste en hul satelliete af te reken en die Kremlin se droom van wêreldheerskappy te verydel.**

**Maar die regering van veldm. Smuts in Suid-Afrika maak hom klaar om af te reken met Hans van Rensburg — wat betyds gewaarsku het.**

# LEWENSKOSTE

Wat gaan die regering doen omtrent die hoë lewenskoste? Weet die regering dat die toestand onhoudbaar word?

'n Pond in 1947 is gelykstaande aan 10/- in 1937. 'n Gesinshoof wat in 1947 'n salaris van £50 per maand ontvang is in terme van koopkrag slegter daaraan toe as wat hy in 1937 was toe hy maar £25 per maand ontvang het. En die lewenskoste styg nog steeds.

**Die regering is besig om die lewenstandaard stelselmatig te verlaag. En die groot blanke middestand word die swaarste daardeur getref. Die regering durf nie van die vraagstuk weghardloop deur te skuil agter toestande in ander lande, wat dan kamtie slegter sal wees as in ons land nie. Dit sny nie bout nie.**

**WAARHEEN LEI DIT?**

Weet die regering waarheen sy getalm lei? Verlede week het die opskrifte oor drie aparte berigte in 'n Johannesburgse koerant 'n realistiese antwoord op hierdie vraag gegee. Die opskrifte lui: (i) £75 per maand vandag te min vir stadslewe; (ii) Dagvaarding-„boom" in Johannesburg, Balju's en howe raak te min; (iii) Klere Skaarser en duurder.

**Is dit erg genoeg of verlang die regering dat dit nog doller moet gaan? Dit ly geen twyfel nie dat òf die lewenskoste moet daal òf die inkomste van die gesinshoof moet styg. In ieder geval moet die wanverhouding tussen inkomste en lewenskoste, wat die gewone gesin vandag slapelose nagte gee, herstel word.**

## SEDISIE-SAAK WORD WEER HEROPEN

Die Sekretaris van Justisie het nege persone, van wie agt bestuurslede van die Kommunistiese party is, teen wie onlangs 'n klag van sedisie teruggetrek is, in kennis gestel dat die departement van voornemens is om die sedisie-verhoor te heropen.

Intussen is daar ook 'n beweging van die kant van die beskuldigdes aan die gang om 'n interdik van die Hooggeregshof te kry wat die Prokureur-generaal en Minister van Justisie sal verhoed om die saak weer te open.

'n Eis van £5,000 is teen die Prokureur-Generaal in Transvaal ingestel op grond van beweerde wederregtelike inhegtenisname van die Hooggeregshof op 16 Oktober nadat die saak teruggetrek is.

## *Spanje Weer In Gedrang*

Die kommunisties-gedomineerde Poolse afvaardiging op die V.V.O. het nogmaals voorgestel dat stappe gedoen moet word om die bewind van Franco omver te werp. Daar is verklaar dat genl. Franco die Handves trotseer en sy houvas op Spanje versterk.

Die politieke komitee van die V.V.O. het daarop besluit om sy verantwoordelikheid volgens die Handves in Spanje uit te voer sodra dit nodig mag wees. Die S.-Afrikaanse afvaardiging het buite stemming gebly toe daar oor hierdie saak gestem is.

**Die agitasie teen Spanje het tot dusver slegs tot gevolg gehad dat die Spaanse volk meer geheg geraak het aan Franco.**

*In China Vandag*

# RUSLAND KRY HOUVAS OP CHINESE SLEUTEL-PROVINSIE

**Rusland is in die Ooste stadig maar seker besig om alle gebiede wat vir hom strategiese en ekonomiese waarde het met behulp van sy satellietregerings binne die Kommunistiese invloedsfeer te plaas. Baie min van hierdie politieke spel het tot dusver in die pers verskyn. Klein beriggies oor sporadiese grensgevegte tussen Chinese en Russiese eenhede bereik af en toe die Weste en is maar net simptome van wat werklik aan die gang is.**

**Die Russiese aandag is op die oomblik toegespits op die Chinese hinterland, en meer bepaald op die noordelike provinsie Sinkiang, wat die sleutel is tot die oorrompeling van China. Vir Rusland is dit 'n natuurlike uitbreiding van sy politieke en ekonomiese agressie en hy is daarom gretig om sy invloed so uitgebreid moontlik in hierdie deel van China te laat geld.**

**RYK**

Sinkiang self is 600,000 vierkante myle groot en dus aansienlik groter as Engeland, Frankryk en Duitsland saam. Dit het 'n bevolking van 4½ miljoen siele wat uit veertien verskillende rasse bestaan. Sowat negentig persent van die inwoners is Mohammedane. **Die provinsie is besonder ryk aan olie, minerale en volgens aanduidings is daar ook uranium. Die meeste van die onderaardse minerale is nog nie ontgin nie behalwe die olie by Wu Su en die goud by Altai. Geen wonder dus dat Rusland so begerig is om hierdie gebied in te palm nie.**

Nòg Pakistan, nòg Indië nòg Afghanistan met hulle miljoene Mohammedane kan bekostig dat hierdie gebied onder beheer van die Kommuniste kom. Dit sou 'n direkte bedreiging vir hulle veiligheid word.

**Vanaf 1934 tot 1942 was omtrent die hele Sinkiang onder beheer van Kommunistiese Rusland maar as gevolg van die druk wat die Duitse regering op die Chinese sentrale regering uitgeoefen het, het die Chinese die stryd teen die Kommuniste in hierdie provinsie aangebind.** Die Sowjetgesinde goewerneur van die gebied, Sheng-Shi-Tsai, is onder hande geneem en daar is met hom afgereken. Die afdeling van die Rooi leër wat by Kami in Noord-Oostelike Sinkiang gestasioneer was, het die gebied verlaat en Rusland het al sy handelsagentskappe ontbind. Ook die Russiese politieke en militêre adviseurs het na hul land teruggekeer.

Om die invloed van die Russe vir goed onder die water te druk, het die Chinese alle pro-Kommuniste vervolg en baie in die tronk gestop sodat die Kommunistiese invloed stadig weggekwyn het, skryf 'n waarnemer van Review of World Affairs.

**KEER TERUG**

In 1944 het die ondersteuners van die linksgesinde Sheng-Shi-Tsai hom weer na vore gestoot en hulle posisie versterk. **Rusland het sy deel bygedra deur 'n rewolusie te stook onder een van die grensstamme, die Kazak, en hulle van wapens teen die Chinese sentrale regering voorsien.** Hierdie stam woon al langs die Russiese grens en is bekend vir hulle oorlogsugtigheid. **Sedert 1944 het een na die ander opstootjie gevolg totdat die Kommuniste en rebelle teen die einde van 1944 tien van die noordelike distrikte van Sinkiang onder hul beheer gehad het.**

Die meeste van die Chinese wat daar gewoon het, is vermoor en die rebelle het hulle eie staat gestig met Ili as hul hoofstad. Hulle het Ali Khan Tura as die staatshoof uitgeroep en hulle eie koerante uitgegee. Hierdie groep het intussen die volslae satelliete van Rusland geword en geniet ondersteuning uit die Sowjet.

**VERDERE POGINGS**

In die herfs van 1945 het die Russe 'n nuwe poging aangewend om Sinkiang in te palm. **Om sy plan te laat slaag het Rusland weer 'n rebellie in Azerbaijan asook in Kardistan gestook. Die rebelle het daarin geslaag om hul magte vooruit te skuif en die enigste grootpad wat Sinkiang met China verbind, afgesny. Terselfdertyd het groepe rebelle vanuit Rusland oor die grens gesteek en 'n aanval op die Chinese uit die suide geloods sodat die (gebied ook van Indië geïsoleer is. In 1946 het hulle hul doel bereik en alle verbindings met Indië vernietig.**

**Hierdie Kommunistiese rebelle is deur die Russe georganiseer en van wapens voorsien. Hulle het oor allerlei moderne wapens beskik en is soms deur 'n lugmag ondersteun, en het van 'n basis in Sinkiang of direk uit Rusland geopereer en is geklee in Russiese uniforms. Hulle bestaan hoofsaaklik uit Russiese burgers en Mohammedaanse Turke. Dokters, offisiere en vakmanne is uit Rusland aangebring om die rebelle by te staan.**

In die winter van 1945/46 het die Chinese sentrale regering wat nog steeds in oorlog gewikkel was met die Chinese Kommuniste in Sentraal- en Noord-China probeer om 'n skikking met die opstandelinge en die Russe te bereik. Na sewe maande is daar geslaag om 'n kompromis te bereik en 'n ooreenkoms is in Junie verlede jaar onderteken, verklaar die blad.


**RUSLAND BEHOU**

Die Chinese sentrale regering het hulle belofte gehou en vrye verkiesings het plaasgevind. **Die Kommuniste het egter nie hul woord gehou nie en dit nie gedoen nie met die gevolg dat drie van die noordelike distrikte van Sinkiang nog onder volle beheer van Rusland is.**

Met die ondersteuning en goedkeuring van Rusland loods die kommuniste tans in die gebied 'n anti-Chinese propaganda-veldtog. Die stof daarvoor word deur die Russiese konsul in die gebied voorsien. Hoewel die Chinese sentrale regering troepe in die gebied vermeerder het, is hul

(Vervolg op bladsy 5, kolom 4)

## KRUITVAT VIR DERDE WÊRELDOORLOG




Bostaande kaart toon die toneel van die belangrike belange-botsing tussen die V.S.A. en Sowjet Rusland. Amerikaanse veiligheid vereis 'n sterk goedgesinde en onafhanklike China. Die Kommuniste daarenteen verlang die onuitputlike mensereserwes van China vir hul stryd om wêreldheerskappy.

Toe die verslane Japanners Mantsjoerye verlaat het, het die Russe „Chinese" Kommuniste ingevoer en hulle met die Japanners se oorlogstuig tot die tande gewapen. Hulle is vandag die „patriotte" wat veg vir die „Werkersrepubliek van Mantsjoerye" ten einde te verhoed dat die provinsie by China ingelyf word. Mongolië is reeds 'n sodanige republiek. Meegaande artikel vertel dat die Russe se jongste stoot die verowering van Sinkiang beoog.

Die vraag is: gaan die Amerikaners die Chinese Sentrale regering van Chiang Kai-Shek betyds ondersteun teen die Kommuniste met deskundiges, wapens en geld; of gaan hulle die Russe toelaat om die hele China in te palm?

# Wat Is 'N Gesagstaat ?

Mnr. Ben Pienaar, Kaapstad skryf: Ek het 'n brief aan Die Burger gerig in 'n eerlike poging om klaarheid te probeer bring in 'n saak wat Afrikaner- en nasionale samewerking vertroebel. Die Burger het dit nie geplaas nie, maar wel die volgende daarop gekommenteer:

„Die twee Republieke was net so min gesagstate as wat Sowjet-Rusland 'n demokrasie is".

My brief het as volg gelui:

Ek merk op dat dr. Malan herhaaldelik op vergaderings as rede waarom die Nasionale Party nie met die O.B. kan saamwerk nie, aanvoer dat die O.B. glo 'n soort van Nazi-diktatuur voorstaan. Nou, ek kan en wil nie glo dat so 'n waardige heer as dr. Malan hom aan opsetlike misleiding sal skuldig maak nie, daarom moet ek aanneem dat hy en almal wat hierdie bewering huldig, nie op hoogte van sake is met die O.B.-beleid en standpunt nie.

In belang van die eenheid waarna ons almal uitsien en so vurig verlang, wil ek dan graag deur middel van u blad die saak probeer verduidelik soos ek as O.B. en 'n getroue leser van Die Burger dit sien.

Wel staan die O.B. 'n gesagstaat voor, maar 'n gesagstaat hoef net so min 'n diktatuur te wees as wat demokrasie noodwendig beliggaam moet word in 'n Brits-georiënteerde parlementêre partystelsel. „Gesagstaat" d.i. staatsleiding deur vakkundiges, beteken 'n staat wat op gesag van die hele volk, in wie se diens dit staan, berus. Enersyds moet dit verteenwoordigend wees van die hele getal van die volk (d.i. almal wat burgerreg het, en in ons geval sluit dit Engelssprekendes ook in) en nie net deel daarvan nie. Andersyds moet alle belange van die volk daarin verteenwoordig wees en nie net politieke belange nie.

Die werklike vorm waarin die gesagstaat beliggaam word, kan dan òf demokraties òf diktatoriaal van aard wees. Sover my kennis strek, het die moderne geskiedenis nog net drie voorbeelde van gesagstate opgelewer t.w. die Transvaalse en Vrystaatse Republieke (demokratiese vorm) wat egter nog nie perfek was wat belange-verteenwoordiging betref nie, en die huidige Portugese Staat (diktatoriale vorm). Die Duitse en Russiese stelsels in hierdie tyd, is nie voorbeelde van gesagstate nie, dit is partydiktature met party-leiers in die rol van diktators.

Wat die O.B. voorstaan, is 'n uitbouing van die ou Republikeinse stelsel. Die volksaard wat weerspieël moet word in die staat, word aanvaar as die Christelike, Nasionale, Sosialistiese volkskarakter wat aan ons eie is, nieteenstaande enige woordsmousery. Dit is dan ook wat genl. Hertzog kort voor sy dood gesien en bepleit het.

Daar is wel beginselverskille tussen die O.B. en die H.N.P., maar 'n openhartige bespreking in goeie trou sal tog eerder toenadering as verdere verwydering meebring. Veral pleit ek hier, geagte Redakteur, teen die beleid van u blad hieroor. Trouens, baie lede van die H.N.P. het hul onomwonde uitgespreek teen sommige van die inherente swakhede van ons huidige regeringstelsel. Net so sal daar in die stelsel wat die O.B. voorstaan ook nog tekortkominge ontdek word. Ons is egter tog van een bloed, een volk en trou slegs aan een Vaderland verskuldig, met gelyke burgerregte en belas met gelyke burgerpligte in die gesonde uitbou van ons Vaderland. Laat ons dan as ons slagspreuk voortaan aanvaar: Eerlikheid, openhartigheid en regverdigheid!

In die stryd wat voorlê, meen ek, dat soos dit die blankes te doen is om buite hul verskille saam te werk tot 'n gesonde kleurbeleid, ooreenkomstig dr. Malan se oproep, so ook is dit ons nasionaalgesindes te doen, om afgesien van ons onderlinge geskille, heelhartiglik saam te werk teen ons gemeenskaplike vyand.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Nie Misleiding

Mnr. Wallie Melville, Riverton, oor Kimberley, skryf: Na aanleiding van die opskrif en voetnoot waarvan u my brief voorsien het in u geëerde blad van die 5e deser, word ek verplig om weer van my te laat hoor.

As 'n getroue leser van u blad en geesdriftige vir die O.B.-beleid, het u my seerder gemaak as wat u seker bedoel het.

Die onderhawige opskrif is nie 'n baie goeie keuse nie. Maar gestel daar is misleiding (ék bedoel dit egter nie) dan is dit nog geregverdig met die oog op die verkiesing van 'n Nasionale Regering, verteenwoordigend van alle Boere. Laat my ook toe om u daaraan te herinner dat die K.G. self gesê het dat dit nie saak maak hoe ons 'n Republiek kry nie: Omnibus, Blunderbus, Stembus; solank ons dit net kry.

In elk geval, ek begeer samewerking tussen alle Afrikaners; (selfs met hulle wat nog nie daarvoor te vinde is nie) ek beywer my daarvoor en dit en niks anders nie was dan ook die enigste motief van my vorige skrywe, die doel waarvan ek tog seer sekerlik nie self gaan verydel deur met u te redekawel oor u voetnoot nie. (Byna het ek gesê oorbodige voetnoot). U word verwys na 'n soortgelyke brief van my in „Die Volksblad" van die 3e deser, die inhoud waarvan u behoort te oortuig dat my bedoelings opreg is.

Baie duisende regsinnige Afrikaners waardeer die O.B. se pogings tot samewerking. Gaan voort daarmee want daar is mense in sekere kringe wat sal móet insien dat die tans bestaande kunsmatige onenigheid noodlottige gevolge vir ons volk sal meebring, en nie langer kán voortduur nie.

Mag die onophoudelike kwinkslae en logiese beredeneringe tog spoedig beëindig word en ons volk saamgesnoer word in 'n magtige rotsvaste Boere-eenheid waarvoor veldmaarskalk Jan Smuts en die syne teen wil en dank sal móet swig.

(Ons waardeer die gees van bostaande brief, en indien ons geagte korrespondent voel dat die opskrif sy standpunt nie reg laat wedervaar het nie, wil ons ons spyt betuig. Verswyging van beleidsbeginsels is opsigself—en veral wanneer die geleentheid nie daarna vra nie — nie noodwendig misleiding nie, en dit is blykbaar wat ons korrespondent in gedagte gehad het: Die O.B. moet met die oog op die naderende verkiesing sy ideologie bietjie op die agtergrond druk, omdat die verkiesing nie oor daardie ideologie gaan nie. Dit is in elk geval die Ossewabrandwag se standpunt. Die ongeluk is net dat dr. Malan as eis vir samewerking die O.B.-ideologie insleep — die O.B. moet eers formeel en openbaar sy stelsel vir die Republiek afsweer. Dit is heeltemal iets anders as verswyging; dit is openbare verloëning, en daarmee maak nie die O.B. nie, maar dr. Malan die O.B.-ideologie tot strydvraag in 'n verkiesing wat nie oor die Republiek, en dus ook nie oor die staatstelsel van die republiek, gaan nie. — Red.)

## PENMAATS

Die volgende twee maats is albei 17 jaar oud en wil graag met Boere-seuns en -dogters korrespondeer. Skryf aan hulle en vertel hulle hoe julle die Elandskraal-laertrek geniet het, of hoe julle al uitsien na die Franschhoek-laer wat voorlê. Vertel ook alles omtrent julleself, julle skool, dorp, Boerejeug, ens. Hulle kan natuurlik ook aan mekaar skryf:

Mej. Martel Johanna Koegelenberg, Swartvlei, Kamieskroon.

Mej. Bets Kellerman, Tuindrift, Koringberg.

(Vervolg van bladsy ")

Ek het enige sjokolade meegebring, die vier meisies het my uit pure vreugde omhels en ek kon vir die oomblik gladnie agterkom wat die oorsaak van hulle skielike blydskap was nie. **Hulle het niks anders om te dra as ou gelapte mansklere nie. Hulle besit geen klere, skoene en geen kouse en dergelike dinge nie.** Ek stuur hiermee 'n maat vir skoene en al kry julle ookal net ou skoene in die hande sal hulle oneindig verheug wees. Praat tog asseblief met julle vriende oor hierdie dinge en miskien sal daar darem nog iets van kom.

Voedselstowwe soos koffie, tee ens is ook gladnie meer hier te kry nie.

VIR PERSOONLIKE FRISHEID



KWV-
EAU de COLOGNE

*Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders*
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.

4-47

AFRIKAANSE PRODUK
DIT IS 'N SUID-

*In die stad ROND met Ronde Kommando*




By die Bioskoop

'n koel sagte sigaret — Ronde Kommando maak al hoe meer vriende „oral in die land rond."

BH 2917

20 vir 11d.

Ook te koop teen 2/2 vir 50, 5½d. vir 10.

(Vervolg van bladsy 4)

besig om 'n politieke neerlaag tegemoet te gaan.

Die Kommuniste, met die hulp van Russiese offisiere, eis tans volle selfbestuur en voer aan dat Sinkiang nader aan Rusland en Turkye staan as aan China.

Dit is duidelik dat Rusland begerig is om 'n pan-Slawiese ryk in die Ooste met hoofkwartier in Moskou te stig. Hy het reeds sy greep verstewig en sowat 7 miljoen siele in hierdie gebied onder sy beheer geplaas.

**Hierdie Russiese „anneksasie" van die noordelike deel van China terwyl China op sy beurt besig bly om 'n uitputtende oorlog te voer teen die Chinese Kommuniste ('n oorlog wat jare al duur) het tot dusver in 'n stilte plaasgevind. In ingeligte Amerikaanse kringe heers die oortuiging dat Russiese agressie in China die casus belli vir die derde wêreldoorlog gaan wees.**

**KORRESPONDENSIE**

**„Non Political":** U naam en adres moet u brief vergesel, al word u brief onder skuilnaam gepubliseer.

*Is Medisyne Noodsaaklik?*

***Die Natuurwetenskap sê nee!***

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**

**Met Verbasende Uitslae**

**GEEN MEDISYNE!**

**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**


Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepasisng van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE

**Posbus 1336 — KAAPSTAD**

**STEENMAAK-MASJIEN**



*„Die Kleine Wonder"*

(Vir die maak van Sementstene)

Maak standaard-grootte Sementstene (9 dm. x $4^5/_{16}$ dm. x 3 dm.)

*Doen navraag by u naaste Handelaar of skryf direk aan:*

Fabrieksverteenwoordiger:

JOHANN H. BUHR, Posbus 18, Hopefield.

*Handelsnavrae word verwelkom.*

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

### BENODIG

**AKTIEWE VOORMAN** met ondervinding van algemene boerdery op 'n Karooplaas. Kennis van skape eerste vereiste. Meld ouderdom, ondervinding en salaris verlang.—**A. VILJOEN,** Bloemhof, Richmond. 19/11/3.

**TWEE FLUKSE,** eerlik en sober **ongetroude voormanne** om te help gedurende tydperk 1 Februarie tot in April. Skrywe omtrent salaris en ander besonderhede aan **„WIL WEET,"** Avondson, Breërivier. 5/11/3

### BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.**—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**GROENTESAAD.** — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

**PATATRANKE.**—Topranke in voorraad, mooi uitgeloop, 6 maande, 9/- per 1,000; wit, drie-maande, 8/- per 1,000; Borrie, 10/- per 1,000. **PATATS.**—12/- per sak. K.M.B. Gelewer Serpentine.—**H. ROELOFSE,** P/s Serpentine, George. 5/11/TK

**HERHOLDT** se meesterlike Dahliasorterings in keurige gesorteerde kleure verseker prag en tevredenheid! Sonstraal-Uitdaag-Versameling: onoortrefbare reuse van prag. 50/- per dosyn, 27/6 vir 6. Sonskyn-Versameling: vir sny en vertoning 40/- per dosyn, 22/6 vir 6. Tuinversameling: 30/- per dosyn, 17/6 vir 6. Opera: Keurigste — nuutste pryswenners, 6 teen 35/-. Bestel nou vir Oktober planttyd. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. A/9/7/1X14

### GEMENG

**MEUBELS.**—Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminiumkastrolle in stelle van 3, ens.—**UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK

**MEUBELS.** — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, k.m.b., te koop.
**Raadpleeg: NIEK NEETHLING,** Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

### HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan **Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454**

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

**VRIENDE:** Ek lewer sout in goeie graansakke—A1, 59/-; No. 1, 54/-; en No. 2, 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg en onmiddellike versending.—**S. J. DE BEER,** Soutwerke, P.K. Florisbad. 5/11/TK

### TE KOOP AANGEBIED

**BRANDHOUT.**—Wattle, 9 duim gesaag, 14/-, gelewer Mollissimasylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek. Bestellings word stiptelik uitgevoer.—**HENNIE MENTZ,** Privaatsak, Greyton, Natal. 12/11/6B

**HUWELIKE**

Hiermee wil ons, **CHRISTINA** van Die Panne, Moorreesburg en **DELAMAINE** van Velddrift, aan familie en vriende bekendmaak, dat ons trou op 29 November D.V. om 2.30 n.m. in die Groote Kerk, Kaapstad.
**Onthaal:** Cleghorn en Harris. Geen kaartjies in Moorreesburg en Velddrift.
**Telegramme:** Die Panne, Moorreesburg. 19/11/1.

## HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

***So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.***

***Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laaslede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.***

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B." deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., **vooruitbetaalbaar** is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B." aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van..............................

vir.......................jaar/e se intekengeld.

Naam: ..................................................

Posadres: ..................................................

..................................................

..................................................

Datum Handtekening


# „O.B. Bly Stryd- en Eenheidsbeweging Van Afrikaner"

**„Die Ossewabrandwag het konsekwent getrou gebly aan sy roeping as die eenheidsbeweging van die Afrikaner. Hy was getrou nie alleen in die jare toe die republikeinse geesdrif alle Afrikaners besiel het nie, maar ook tydens die moeilike twisjare toe Afrikaners deur sekere leiers aangemoedig was om onderling te baklei. As beweging wat die Afrikanervolk moes bevrug met die nuwe eenheidsgedagte, het die Ossewabrandwag konsekwent geweier om 'n vyand in 'n mede-Afrikaner te sien en kant te kies teen sy eie bloed.**

So het genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van Wes-Kaapland, verlede Donderdagaand in die Collingwoodsaal, Observatory verklaar. Komdt. A. Bredenkamp het voorgesit.

Spr. het die stryd en betekenis van die Ossewabrandwag behandel en aangetoon dat die Ossewabrandwag die enigste organisasie is wat konsekwent die republikeinse gedagte verkondig, en dat hy nie een enkele van sy beginsels vir tydelike voordeel afgewater het nie.

### EENHEID

In die moeilike jare toe die imperialistiese golf gedreig het om die republikeinse golf te verswelg, en dit soms moeilik was om helder te dink, het die Ossewabrandwag, en by name sy Leier, dr. Hans van Rensburg, geweier om die stryd teen mede-Afrikaners aan te bind soos ander leiers wel gedoen het. Die O.B. het selfs nie teen die rooi lussie van die soldate vasgekyk nie, maar veeleer hul Afrikanerbloed raakgesien.

**Die politieke ontwikkeling van vandag onderstreep dat die eenheidsleiding van die K.G. geregverdig was.**

### STRYD

Sedert 1938 was die Ossewabrandwag die enigste beweging van die Afrikanervolk wat die stryd van die Afrikaner vir 'n Republiek konsekwent volgehou het. Hy het nie die papbroekhouding van protesteer ingeneem nie, maar hy het daadwerklik geveg. As 'n volk nie offers bring vir sy ideale nie, dan gaan daardie ideale verlore. Die republikeinse ideaal lewe vandag nog in die skoot van die volk omdat die Ossewabrandwag daardie stryd wakker gehou het — en die O.B. is die enigste wat dit gedoen het.

### BEGINSELS

Sonder om een oomblik te weifel het die O.B. konsekwent by sy beginsels gestaan. Dit is belaglik, het spr. gesê, dat partye hul beginsels kan weggooi, maar as partye tog bly voortbestaan; en dat mense wat twintig jaar gelede by 'n party aangesluit het vandag nog lede van die party bly wat nou heeltemal ander beginsels huldig.

**Die O.B. het gekom om standhoudende beginsels in die skoot van die volk in te dra. Hierdie beginsels is nie van verbygaande aard nie, maar ewige belang.**

Die volk is vandag lamgeslaan omdat daar al so baie beloftes aan hom gemaak is en nie een het in vervulling getree nie! hy sit vandag met die hande gevou en het nie meer moed om op te staan nie, het genl. Laubscher verklaar.

### AFRIKANERPARTY

Met verwysing na die samewerking tussen die O.B. en A.P. het spr. verklaar dat die Ossewabrandwag nie meer Ismael is teen wie almal gekant is nie, maar hy het 'n vriend en bondgenoot in die persoon van mnr. N. C. Havenga en die Afrikanerparty gekry.

Die O.B. en A.P. kan saamwerk omdat albei die noodsaaklikheid van die eenheid van ons volk besef en omdat die A.P. die voortsetting verteenwoordig van die Hertzog-beleid wat 'n lewensbelangrike beginsel voorop stel en dan almal wat wil saamwerk uitnooi om mee te doen in die stryd. Hierdie eenheid is nodig omdat ons volk bedreig word deur 'n kleurgevaar wat in wese 'n kommunistiese gevaar is.

Die O.B. sal sy deel bydra en sal diegene wat sy hulp wil hê bystaan om ontslae te raak van die Smuts-bewind, het genl. Laubscher besluit.

### KERSWENSE

**Ons lesers word daaraan herinner dat Die O.B. se advertensiekolomme op 17 Desember weer soos voorheen beskikbaar sal wees vir Kerswense. Advertensies moet die drukkery egter voor 13 Desember bereik.**


**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk**

**MOREMARK (Posbus 7185) Newton**


## Verjaardagketting

**November:**
19 Hilda Morland, Franschhoek.
Hercules Lotter, Franschhoek.
Rinska van Achterbergh, Johannesburg.
Catherina Gericke, Frankfort.
21 Dulcie Hopkins, Stellenbosch.
22 Anna de Beer, Kakamas.
Elizabeth Venter, Johannesburg.
Catharina Nieuwoudt, Buurmansdrift.
23 De la Rey Nel, Port Elizabeth.
Annemarie Hugo, Franschhoek.
24 Cornelia Fouche, Stella.
Hendrina Watson, Johannesburg.
25 Johannes Aggenbach, Kakamas.
Martha Pretorius, Frankfort.
27 Enita Roux, Paarl.
Johannes Wagener, Oudtshoorn.
Catharina Venter, Derby.
28 Aletta Nel, Aughrabies.
Catrina Botes, Parys.
29 Betsie du Toit, Wellington.
Helena Gunter, Paarl.
Aletta Engelbrecht, Groot Marico.
Hermina Kilian, Middelburg, Tvl.
Hermanus Steyn, Frankfort.

**Desember:**
1 Dan du Toit, Wellington.
2 Jacoba Coetzee, Beaufort-Wes.
Johanna van der Merwe, Wellington.
Hester Loubser, Klipheuwel.
Charel Kruger, Luckhoff.

## Franse Verset Teen die Kommuniste

Daar is 'n kragtige verset aan die gang teen die Kommuniste binne die Franse vakbondbeweging en die jongste besluit van 'n aantal vakbondleiers om te protesteer teen die omskepping van die vakbondbeweging tot 'n werktuig van partybeleid, word beskou as 'n nuwe beklemtoning van die ongewildheid van die Kommuniste in Frankryk se vakbonde.

Die afstigting van aparte groepe en die daling in die ledetalle van die vakbonde, word ook beskou as 'n verset teen die leierskap van die Kommuniste in die vakbondwese.

(Vervolg van bladsy 1)

**POLITIEKE MOTIEF**

Luidens 'n berig in Die Vaderland is minstens een getuie van oorsee reeds op pad na die Unie om deur die regering gebruik te word in sy veldtog van inhegtenisnamings van vooraanstaande Afrikaners op aanklag dat hulle in die oorlog met die vyand geknoei het.

# VERSUGTING OM HULP UIT DUITSLAND

**Hoe hoog die nood werklik in Duitsland is, spreek uit 'n brief van een van die gedeporteerde Duitsers wat onlangs met die Winchester Castle vertrek het en nou in die Britse besettingsgebied van Duitsland saam met familiebetrekkinge verkeer.**

**Mnr. Brian Norgarb, wat hierdie brief ontvang het, deel mee dat die skrywer 'n nugtere sakeman van middeljarige leeftyd is. Die gedeporteerde skryf:**

Ek het nou in Duitsland aangekom. Ons het van Engeland na Holland gevaar en vandaar met die trein na Duitsland. **Dit sien so treurig hier uit dat 'n mens dit gladnie duidelik kan beskryf nie.** Mense het my afgeraai om na die Russiese sone te gaan en nou woon ek by my jongste broer wat ook met sy familie van die Russe van Ostselbad-Ahlbeck na hierdie „eiland" gevlug het.

### KLERE

**Ek moet soms ween.** My broer het vier mooi en goed opgevoede dogters. Die ouderdomme van hierdie arme meisies is 23, 21, 18, 17, en geeneen van hulle het iets om aan te trek nie. **Hulle kan geen skoene, tandeborsels, kamme of dergelike artikels koop nie omdat hierdie dinge onverkrygbaar is.** So kan julle 'n begrip vorm hoe verskriklik dit hier uitsien.

Dit is smartlik dat ek hierdie arme mense nie kan help nie want ek sit self ook in hierdie ellende. Mens kan dit gladnie beskryf nie. As julle dit maar net kon sien!

Liewe vriende! As julle maar net kleinigheidjies kan stuur sal die meisies vreeslik bly wees. Kyk tog of julle asseblief nie iets kan doen vir hierdie arme kinders nie.

Dit is vir my vreeslik swaar om soiets aan julle te skryf, maar dis juis omdat ek julle leer ken het en weet hoe goed julle gesind is dat ek dit waag om aan julle te skryf. Ek vertrou ook beslis dat julle sal help.

### EEN KAMER

**Ons woon almal hier in een kamer. Stel julle maar net voor hoe dit moet wees. Hieroor kon ek my trane nie bedwing nie. Ek kan hulle met niks help nie.**

(Vervolg op bladsy 5)

DIE BOERE JEUG
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 19 NOVEMBER 1947.

# BOEREJEUGLAERTREKKE

*„Die wa — 'n sterke man is hy;*
*die tent — 'n taaie vrou is sy.*
*Jul het die nasie uitgelei,*
*Sy boei ontbonde."*
*— Totius.*

**Só was die wa en die tent die bakermat van die Boerevolk.** Dit was nie slegs die trekwoning van die eerste pioniers nie, maar ook dié wat ná hulle gekom het, het hulle maar gereeld op die wa of die tent verlaat as daar moet getrek of gejag word, by nagmaalstye, of wanneer oorlogswolke saampak en die kommandolewe roep. En watter droewige rol moes die wa nie speel toe dit duisende vroue en kinders van brandende plaaswonings moes wegvoer na konsentrasiekampe, waar die tent weer as woning, hospitaal, en sterfhuis sou dien nie?

Geen wonder dus dat die Afrikaner sy nasionale feesdae by voorkeur in tente in die vrye veld gaan vier nie. So was daar in Desember 1938 'n reuse volkslaer buitekant Pretoria opgeslaan, en in daardie Eeufeesverrigtinge was dit die ossewaens wat die hoofrol gespeel het.

Ook met vakansietye is „uitkamp" vir ons 'n ideale manier om die dae deur te bring. As die Boerejeug gaan „laertrek", is dit dus 'n ingebore begeerte wat tot uiting kom. Ons hoef slegs vir hulle die geleentheid daartoe te skep, en hulle sal nie op hul laat wag nie!

Om so 'n skaar geesdriftige jong Afrikanertjies bymekaar te hê vir 'n week of meer, skep dan ook 'n unieke geleentheid om hulle voor te lig op allerlei terreine wat sal bydra om van hul wakker, gedissiplineerde, en gesonde Boereseuns en -dogters te maak. Vaste laerreëls word ge-



KEURIGE OPTREDE

hoorsaam, en elke dag is daar 'n vasgestelde program waarvolgens alles verloop, en wat voorsiening maak vir godsdiensonderrig, vlagparades en praktiese dissipline, tentinspeksie, liggaamsoefening of sport, arbeidsdiens, demonstrasies en voorlesings of praatjies, volkspele, ontspanning, sang, kampvure, en natuurlik kan niemand daardie heerlike kampetes vergeet nie!

En geniet die kinders dit? Hier volg 'n paar se opinies: **Dáár het ons die voorsmaak gehad van die Republiek wat ons na streef, wat ons gaan kry, want geen vyand gaan ons keer nie".**

**„As ek moet fout vind, is al fout wat ek kan kry die feit dat die kamp nie langer aangehou het nie".**

**Ná 'n laer skryf 'n Boerejeugoffisier: „Elke seun en dogter wat die laertrek bygewoon het, is so vol geesdrif dat hulle die ander ook aangesteek het. Die gees wat nou hier heers is so aangenaam dat dit werklik 'n plesier is om saam met die kinders te werk".**

„Maar wanneer word daar weer so 'n laertrek gehou, sodat ek self kan gaan kyk hoe dit is?" vra u seker. As u in die Boland of omstreke woon, is u gelukkig, want dan **het u die geleentheid om reeds vanaf 12 tot 20 Desember saam met ons te kom laertrek naby Franschhoek,** Aanstaande keer plaas ons volle besonderhede i.v.m. laerbenodigdhede, onkoste, ens.



INSPEKSIE

# Boerejeug-Nuus


**ROBERTSON.** — Tesame met die Groot O.B.-Kommando, het die Boerejeug van Robertson sy deeltjie gedoen deur handwerk van die seuns en dogters te verkoop. Die funksie is op 31 Oktober gehou, en elke lid het hard gewerk om die £10 bymekaar te bring. Sonder die hulp van die ouers het hulle dan ook veel presteer. So het die groot dogters fluks gehelp met die bediening by die tafels, en gesorg dat niemand sonder poeding, koffie en pannekoek is nie.

Die aand, ná die toespraak van Generale Erica Theron, het Sarie Kuhn namens die Boerejeug 'n blomstaander wat eiehandig deur Asst.-Jeugveldkornet Eyssen vervaardig is, aan haar oorhandig. Daardie aand het 'n dogter en seun van nie-O.B. ouers ook aansoek gedoen om opgeneem te word as lede van die Boerejeug.

Die veldkornet skryf: „Die stringe span styf maar ons dink nie aan uitspan voordat ons taak volbring is nie!"



ARBEIDSDIENS OP MAJUBA



LIGGAAMS-OEFENING

**HARRISMITH.** — Harrismith se Boerejeug het 'n Tiekie-aand gehou om fondse vir 8 Aug. in te samel, en het £7-10-0 daarmee bymekaargebring. Koue poedings en koeldranke is bedien, wat veral by die kinders groot aftrek gekry het, en die Boeredogters het heerlike pannekoek gebak.


Die seuns het allerlei sykraampies gehad, bv. om met 'n tennisbal soveel opgestapelde poeierblikke as moontlik af te gooi, en bakkatel wat 15/- ingebring het.

Toe die groot O.B.-Kommando hulle funksie gehou het, het die dogters 'n tafel met brei- en naaldwerk gehad wat baie goed verkoop het. Hulle is alweer hard besig om planne agtermekaar te sit vir aanstaande jaar. Wie werk saam?



ONTSPANNING


# KERSFEESKAARTE




**4 Verskillende Pragontwerpe met O.B.-wapen**

4/6 Per Dosyn

**O.B.-wapen, en Wag- en Boerejeugkentekens in kleure**
**4 van elke ontwerp per stel**

2/6 PER DOSYN



*As u nie 4 van elke ontwerp in 'n dosyn wil hê nie, sal ons u bestelling saamstel soos versoek, dan teen 3/- per dosyn, i.p.v. 2/6.*

*BESTEL DADELIK BY*
**BOEREJEUGHOOFKWARTIER,**
**Meyergebou 9, Potchefstroom.**



## Gelykstelling

Hierdie foto is geneem in die KAAPSTADSE stadsaal tydens 'n KOMMUNISTIESE vergadering om die dertigste verjaardag van die RUSSIESE REWOLUSIE te herdenk. As sprekers het opgetree SAM KAHN, HARRY SNITCHER en H. A. NAIDO.

Die foto is 'n treffende illustrasie van die kommunistiese GELYKSTELLINGSBELEID.

„Dollar Dictatorship" wat die nie-blanke so selfvoldaan bestudeer is 'n PAMFLET wat deur die Kommunistiese party versprei word.

## Kommunistiese Oproer in Italië

Italiaanse Kommuniste het die afgelope paar dae geweld en oproer in Italië gestig en die kantore van die anti-Kommunistiese nuusblaaie vernietig in 'n vlaag van woede teen hulle teenstanders.

Hulle het geëis dat alle „fascistiese koerante (d.i. nie kommunistiese onderdruk moet word en dat fascistiese organisasies onwettig verklaar moet word. Die Kommuniste het verskeie stakings uitgeroep.

# Dwangmaatreëls Om Lui Britte In Werk te Stop

**Alle persone in Brittanje wat van dobbelary, weddenskappe, voetbalpoele, vermaaklikheidsplekke, nagklubs en straatsmousery lewe en gevolglik geen deel bydra tot die herstel van Brittanje nie, moet hulle volgens 'n bevel van die Britse regering laat registreer sodat die regering hulle in produktiewe werk kan stop.**

Hierdie bevel raak mans sowel as vrouens, wat nie 'n nuttige bestaan voer nie. Kragtens 'n noodregulasie moet hulle hul by werkverskaffingsburo's aanmeld vir diens. Hulle sal in noodsaaklike nywerhede geplaas word.

„In hierdie dae moet almal wat wil lewe en eet, minstens een of ander diens verrig", het arbeidsminister Isaacs in die Britse laerhuis verklaar.

### WIL NIE WERK

**Hierdie stappe is nodig omdat die gewone Engelsman geen of weinig belangstelling toon in sy land se krisis en hulle voortgaan met dobbel asof daar niks in Brittanje skort nie. Inderdaad het dobbelarye** en weddenskappe so 'n groot omvang in Brittanje aangeneem dat dit vandag beskou word as een van die grootste bedrywe in die land. So het die Londense korrespondent van die Cape Argus onlangs onderstreep:

**Volgens berekening is daar sowat 1,000,000 mense in Brittanje wat van dobbel en beuselary lewe. Tydens die afgelope voetbalseisoen in Brittanje het die ontvangste van voetbalpoele £50,-000,000 beloop.**

### £885,000,000

Die korrespondent verklaar voorts: **„Die Tories het onlangs 'n pamflet uitgegee waarin gewys word op die geweldige groei van die weddenskap-gewoonte—perderesies, honderesies, voetbalpoele, ens". Hul bevindings was dat daar 'n jaarlikse omset van tussen £710,000,000 en £885,000,000 as gevolg van dobbel en weddenskappe in Engeland is.**

En omdat die Britse volk geen poging wil aanwend om hulself te red nie en meer belang stel in dobbel as in hul landskrisis, moet Suid-Afrika offers bring om Brittanje wat nie weer kan herstel nie, aan die lewe te hou.

# UITVOER NA „HOME" TEN KOSTE VAN S.A.

**As gevolg van die groter uitvoer van vrugte na Brittanje tydens die op hande synde vrugteseisoen sal die plaaslike verbruiker nieteenstaande die groter oes met minder vrugte tevrede moet wees. Die publiek moet egter nie daaroor murmureer nie want die offer wat ons bring, is baie geringer as die offer wat die Britse volk bring. So het die Minister van Landbou, mnr. J. G. N. Strauss 'n paar dae gelede op Bien Donné verklaar toe hy nuwe offers ter wille van Brittanje gevra het.**

**Suid-Afrika het verlede jaar 17,000 ton vrugte uitgevoer, maar vanjaar sal ongeveer 31,000 ton uitgevoer word. Na skatting sal die totale oes vanjaar sowat 76,000 ton vrugte wees, nieteenstaande dit word 'n tekort op die plaaslike mark verwag. Die pryse van die uitvoervrugte na Engeland sal ook aansienlik laer wees as tydens die vorige seisoen.**

Minister Strauss het verklaar dat hy onlangs in Brittanje was en hy het toestande daar gesien en meen dat dit die regte ding is om te doen.

Wat die Minister in mooi woorde probeer toedraai het is kortliks dit: **Suid-Afrika sal gedurende die volgende vrugteseisoen soveel goedkoop vrugte na Brittanje uitvoer dat hier 'n plaaslike tekort sal wees sodat die gewone verbruiker met 'n minimum — as hy iets kry — sal moet klaarkom. Dit is ook duidelik dat daar voorkeur gegee sal word aan die buitelandse mark bo die plaaslike mark.**

Hierdie uitvoer geskied volgens die „goudlening" wat S.-Afrika aan Brittanje gemaak het en is nie net vir een seisoen geldig nie, maar minstens vir die volgende drie jaar.

**Nogmaals word daar ter wille van Britse sentiment offers geëis van die Afrikanervolk om sy eie kos uit sy mond te neem en dit uit te voer na 'n vreemde moondheid wat nie in staat is om vir sy eie invoer te betaal nie.**

**Die aankondiging van die Minister loënstraf ook die herhaalde verklarings van veldm. Smuts dat die lening aan Brittanje geen offers van die volk verg nie.**

# WAARVOOR HET S.A. GEVEG?

**Brittanje het op 3 September 1939 oorlog teen Duitsland verklaar om die Duitse volk te verlos van die „juk" van Nasionaal-Sosialisme en Pole te beskerm teen Duitsland wat sy grondgebied terug gevra het.**

**• Vandag saan 'n groot deel van Duitsltand onder Kommunistiese plak en het Rusland met „sy duiwelse evangelie" sy grense vooruitgeskuif tot in die hart van die Weste om 'n groter bedreiging vir die wêreld te word as Duitsland ooit was.**

**Is dit daarvoor wat Suid-Afrika geveg het?**

# Tikmasjien Vir Blindes Wat ‚Praat'

'n Amerikaanse werktuigkundige, George Coffey het 'n tikmasjien uitgevind wat kan „praat" en wat ontwerp is met die doel om blinde persone te leer tik.

Coffey het gesê dat die tikmasjien aan die tikker te kenne gee wanneer 'n verkeerde sleutel aangeraak word. Vir persone wat leer om te tik sonder om op die sleutels te kyk, sal die tikmasjien baie handig inkom. Coffey het ook gesê dat hy besig is om 'n outomatiese tikmasjien te ontwerp. Die manuskrip kan aan die een kant van die tikmasjien ingesit word en sal klaar uitgetik aan die ander kant uitkom . . . . glo dit as u wil!

# Miljoene Duitsers Nog In Kampe

**Byna 2½ jaar na die beëindiging van die oorlog is daar nog sowat 2,500,000 krygsgevangenes in die Geallieerde kampe. Die meeste van hierdie krygsgevangenes is Duitsers en Japanners wat nog deur die Russe aangehou word.**

**Rusland het die meeste krygsgevangenes, nl. 1,656,532 Duitsers en Japanners. Dit is meer as 70 persent van die totale aantal.**

**Toe hierdie syfers onlangs in Duitsland bekend geword het, het dit groot opspraak verwek omdat dit gladnie ooreenstem met die Duitse gegewens nie. Dit is baie duidelik dat baie van die Duitse krygsgevangenes lewenslange slawe in Rusland sal wees en vir sover dit die Weste betref heeltemal van die toneel verdwyn het.**

**Amerika het nog 1,025 Duitsers en Japanners in kampe wat van oorlogsmisdade aangekla sal word.**

## Nuwe Vitamine Ontdek

**'n Weense geleerde, prof. Goetsch, beweer dat hy 'n nuwe vitamine ontdek het nadat hy 'n studie van bulniere gemaak het. Hierdie vitamine het die lewenskrag van alle insekte en diere waaraan dit toegedien is, versterk. In sommige gevalle het dit hulle twee en drie keer hulle eie grootte laat word.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.